Verwysing: 20180124-8612
12/2/10/4

Navrae: Kringbestuurders

Omsendbrief: 0009/2018
Vervaldatum: Geen

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure, Kringspanbestuurders, Prinsipale en Opvoeders

Kort opsomming: *Bekendstelling van 'n aanlyn-funksie om ouers te help om aansoeke om toelating by openbare skole op die School Admissions Management Information- (SAMI-) stelsel na te spoor.*

Onderwerp: Bekendstelling van 'n aanlyn-funksie om ouers te help met die naspoor van aansoeke om toelating by openbare skole

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) ontvang al hoe meer navrae oor aansoeke om toelating by skole en dit plaas onredelike druk op die stelsel.

2. Die doel van hierdie omsendbrief is om skole in kennis te stel van 'n aanlyn-funksie om ouers met die naspoor van aansoeke om toelating by openbare skole te help.

3. Met hierdie funksie kan 'n ouer of voog via die WKOD se webwerf vasstel of 'n aansoek wat by die skool ingedien is, op die School Admissions Management Information- (SAMI-) stelsel vasgelê is.

4. Indien 'n geldige e-posadres verskaf is, sal 'n geoutomatiseerde e-pos die ouers in kennis stel sodra die aansoek deur die skool vasgelê is.

5. Ouers sal **NET** met behulp van die leerder se identiteitsnommer (ID-nommer) of unieke SOBIS-nommer kan vasstel of hul aansoek vasgelê is.

6. Die funksie kan gebruik word deur te gaan na: https://wcedonline.westerncape.gov.za/\ en op "School enrolment FAQs" te klik.

   Klik dan op ***"How can I check the status of my child's admission application?".***
   Tik die leerder se ID- of SOBIS-nommer in en klik "submit".

7. Skole word herinner dat **ALLE** aansoeke om toelating by die skool vasgelê moet word om 'n regverdige administratiewe proses in ooreenstemming met die *Promotion of Administrative Justice Act (PAJA), 2000 (Wet 3 van 2000)* te verseker.

8. Let asseblief daarop dat dit aansoeke wat ná die sperdatum ontvang is, insluit omdat dit ouers sal help om die naam en besonderhede van die leerder op die WKOD se lys met ongeplaaste leerders op die SAMI-stelsel te plaas.

9. Skole word daaraan herinner om by die tydsraamwerke, prosesse en prosedures soos uiteengesit in Omsendbrief 0035/2017, gedateer 13 September 2017, te hou.

10. Ouers/voogde sal na die status van die aansoek kan gaan kyk en daarom is dit uiters belangrik dat skole die status van alle aansoeke op datum hou.

11. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie omsendbrief aan alle belanghebbers beskikbaar te stel.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2018-01-30